HANDE vat

5 APRIL 2021 | UITGAWE 1

kruin.
—Huise wat Jesus volg —

GEESTELIKE VERRYKINGS GESPREK

KOM NES JY IS | ONS SAL JOU HELP | LEER JESUS VOLG
LEWE MET LIEFDE | HOOP | BETEKENIS

WOORD VIR DIE WEEK

Ons gesels saam oor die preek van Sondag wat die laaste boodskap van die paasfees reeks was wat Sebastiaan aangebied het. In die week se Handevat oordenking is die teks waarop ons fokus Lukas 24:13-35, LEES DIT SAAM AS 'N GESIN.

Lukas 24:13-35 - "Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af. 14 Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het. 15 Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop, 16 maar hulle oë is verhinder om Hom te herken…"

- Wat Sien julle raak in Jesus wanneer julle besef Hy kies om saam met twee gewone mense te gaan stap eerder as om 'n reuse fees te hou op die dag wat hy die dood oorwin het?
- Hoe belangrik dink julle is julle elkeen vir Jesus en hoekom?
- Met hierdie in ons gedagtes wat is volgende vir jou om uit te leef waar jy bly, waar jy werk, en waar jy speel?
- As julle gemaklik voel daarmee, wil julle as gesin nie 'n nuwe toewyding aan die Here maak nie (in julle eie woorde, skryf 'n paar dinge neer en plak dit teen die yskas waartoe julle julleself wil toewy?

Die kruis van Jesus

Op die kruis oorwin Christus deur te verloor, bereik mag deur swakheid en diens, kom tot rykdom deur weg te gee.

Jesus Christus draai die waardes van die wêreld onderstebo.

N.T. Wright stel dit so; die ware vyand was nie Rome nie, maar die mag van die bose wat agter menslike arrogansie en geweld gestaan het.

Aan die kruis het die koninkryk van God oorwin oor die koninkryke van die wêreld deur te weier om by die spiraal van geweld aan te sluit.

Jesus is lief vir sy vyande, draai die ander wang en loop die tweede myl (Tim Keller).

HANDE vat

kruin.
—Huise wat Jesus volg—

GEESTELIKE VERYKINGS GESPREK

Die oorwinning van Paassondag!

Op die dag van die Here, die opstandingsdag, bewys God die Vader dat Hy Jesus se offer aanvaar het.

Die Lam van God is op die Paasfees geslag, figuurlik, en so het Jesus die heel hoogste prys betaal om ons vry te koop en te verlos.

Hy is met krag bewys as die Seun van God, en daarom kan sy opstandingslewe ook in ons are bruis(Rom 1 en 8).

Nou kan ons ook krag in swakheid vind, rykdom in vrygewigheid, liefde deur ander eerste te stel. Ons waardes is nou radikaal anders, want ons is anders.

Danie Malan

Stuur bydraes vir plasing na ruan@kruin-kerk.co.za

Op weg saam met Jesus

Saam het ons die afgelope sewe weke op Jesus se lydensweg gestap van donker na lig, en veral nagedink oor Jesaja en sy groot rol in die verwagting van 'n lydende en lewende Messias wat baie regverdig sal maak.

Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Toe het ons die laaste week van Jesus beleef saam met Sebastiaan.

Die verhaal van die vrou wat Jesus se voete gesalf het, die eerste een wat die dieper betekenis van Jesus se dood besef het, die eerste christin en voorbeeld van dienende leierskap, het my diep getref.

In die volgende 40 dae tot by Pinkster bedink ons hoe baie kere Jesus aan enkelinge (soos Maria Magdalena en sy broer Jakobus), aan egpare (soos Kleopas en sy vrou op pad na Emmaus), aan sy dissipelgroep(die 11), aan die twyfelende Thomas en die geweldige groot groep saam- meer as 500 mense tegelyk, verskyn het en met hulle gepraat het oor die sake wat God se komende ryk van vrede raak. Hoe graag sou ons dit eerstehands wou beleef!

Die punt is: ons doen! En die rede is: die Gees van Christus in ons! Ons beleef Jesus nie tweedehands nie, maar eestehands, deur die prediking van sy Woord! Daarom is die eredienste, maar ook ons stil word en lees van God se Woord so lewensbelangrik vir ons.

Ons gaan oor 40 dae opnuut die geweldige krag van die eerste Pinkster beleef as God sy Heilige Gees uitstort oor alle mense. Is jy gereed vir hierdie groot avontuur?

Danie Malan